
**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 6**

**TYD: 1 UUR 15 MINUTE** **TOTAAL: 50**

| | |
|---|---|
| **AFDELING A: LEESBEGRIP** | **(20)** |
| **AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES** | **(30)** |

**AFDELING A: LEESBEGRIP**



**VRAAG 1: LEESSTUK**

**Lees die onderstaande artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg in jou EIE WOORDE tensy anders gevra word.**

## Die wonderlike verhaal van Marco Polo

1. Byna sewehonderd jaar gelede is daar in die Italiaanse stad Venesië ʻn seuntjie gebore wat later baie beroemd sou word. Sy naam was Marco Polo.
2. Marco se vader was ʻn ryk koopman wat handel gedryf het met lande in Asië. Daar was destyds in Europa baie min bekend oor die lande in die Ooste, daarom het Marco Polo met groot belangstelling geluister na die verhale wat sy vader oor sy reise vertel het.
3. Toe hy sewentien jaar oud was, het hy sy vader en sy oom oor hoë berge en dorre woestyne op ʻn reis na die Ooste vergesel. Die reis, wat drie jaar geduur het, is met kamele afgelê. In die Ooste is hulle vriendelik ontvang in die land waar Kublai Khan geheers het (die huidige China). Al drie het by laasgenoemde in diens getree en hom sewentien jaar lank so goed gedien dat die Oosterse heerser hulle met kosbare geskenke oorlaai en hulle by hulle vertrek met hul besittings en ʻn groot hoeveelheid handelsware per skip tot in die Persiese Golf laat neem het. Marco Polo self kon die taal van Kublai Khan se mense vlot praat.
4. Vanaf die Persiese Golf het hulle oor land gereis na die Middellandse See en daarvandaan per skip na hul geboortestad, Venesië, wat hulle 25 jaar tevore verlaat het. Marco Polo is in 1324 op sewentigjarige ouderdom

oorlede, maar voor sy dood het hy al sy wedervaringe op skrif gestel. Hierdie boek word vandag nog gretig gelees.

**Bron: Van Heerden, P.W. 1987. Afrikaans vir die Middelbare Skool. Kaapstad: Via Afrika Uitgewers**

**<u>Vrae:</u>**

1.1 Watter taal het Marco Polo tydens sy verblyf in die land van Kublai Khan leer praat? (1)
1.2 Waarom het Marco Polo as jong seun baie in die Ooste belangge-stel? (1)
1.3 Watter bekende motorfabrikaat het een van hulle modelle na Marco vernoem? (1)
1.4 Waarom, dink jy, het hulle die reis oor land met kamele afgelê? (1)
1.5 Hoe oud was Marco Polo toe hy sy pa en oom na die Ooste vergesel het? (1)
1.6 Op watter wyse het die Oosterse heerser sy dank aan hulle bewys vir al hulle getroue diens aan hom? (1)
1.7 Hoe oud was hy toe hy uiteindelik weer in sy geboortestad aangekom het? (1)
1.8 In watter **stad** en **land** is Marco Polo gebore? (2)
1.9 In watter land was Kublai Khan se koninkryk geleë? (1)
1.10 Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR?** Haal 'n sin uit die teks aan om jou antwoord te motiveer.


**Marco Polo se reisjoernale word nie meer vandag deur baie mense gelees nie.** (2)

1.11 Haal **EEN WOORD** uit die eerste paragraaf aan wat die teenoorgestelde van **"onbekend"** beteken. (1)
1.12 Haal **EEN WOORD** uit die tweede paragraaf aan wat dieselfde as "**handelaar"** beteken. (1)
1.13 Hoe lank het die Polo's se reis na die Ooste geduur? (1)

**[15]**

## VRAAG 2: STROKIESPRENT

**Bestudeer die onderstaande strokiesprent deur Fred Mouton en beantwoord die daaropvolgende vrae.**




Teks lees: "Wêreldbevolking trek by sewe miljard."

**Vrae:**

2.1 Skep 'n **titel** vir die strokiesprent? (1)

2.2 Noem enige **twee dinge** wat ons kan doen om die planeet weer te laat glimlag? (2)

2.3 Waarna verwys die donker wolke op die strokiesprent? (1)

2.4 Verduidelik in jou eie woorde wat beteken dit as die planeet sê:

"Daar is sowaar nou genoeg van julle en te min van my…"? (1)

**[5]**

**Totaal = 20**

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

**Lees die gedig oor "Lisa se klavier" hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

### "Lisa se klavier"

Ek het 'n vriendin
ver by die blou see
teen die hang van Tafelberg
as die son sak
speel sy die mooiste melodieë

Haar vingers ken die pad
opgesluit in wit en swart
die klavier se grootste vreugde
hartseer en verlange
verstaan die hart se diepste smart

Ja, die hele wêreld word stil
en luister in die donker uur
na die naggeluide
van Lisa se klavier

Lisa kan nie ophou as sy eers begin het nie
Sy laat my nooit huis toe loop
of afskeid neem
voor my laaste sigaret nie

Ek staan op haar balkon
en drink haar appelkoostee
en kyk na Kaapstad in die nag
die liggies en die swart, swart see

Ja, die hele wêreld word stil
en luister in die donker uur
na die naggeluide
van Lisa se klavier

En onder op die sypaadjie
sien ek die bergie en sy maat
gaan staan en opkyk
Hulle ken al die klanke
wat uit haar woonstel stroom
lank na twaalf, met die deure oop
al *moan* die bure ook al hoe
word Lisa elke boemelaar se droom

Ja, die hele wêreld word stil
en luister in die donker uur
na die naggeluide
van Lisa se klavier

- **Koos A. Kombuis**



**Vraag 1**

**Gebruik die woorde in die blokkie om die vrae te beantwoord:**

| |
|---|
| a) klavier b) vingers c) Kaapstad d) gesluit e) diepste |

1.1 Skryf een simpleks uit die blokkie neer. (1)

1.2 Skryf een kompleks uit die blokkie neer. (1)

1.3 Skryf die basisvorm in woord (e) neer. $(\frac{1}{2})$

1.4 Skryf die voorvoegsel van woord (d) neer. $(\frac{1}{2})$

**Vraag 2**

**Lees weer die gedig en beantwoord die vrae wat volg:**

2.1 Gee die intensiewe vorm van **baie stil.** $(\frac{1}{2})$

2.2 Gee die intensiewe vorm van **baie donker.** $(\frac{1}{2})$

2.3 Gee die vergrotende trap van **groot.** $(\frac{1}{2})$

2.4 Gee die oortreffende trap van **ver.** $(\frac{1}{2})$

2.5 Watter woordsoort is **stil** in die derde strofe? (1)

**Vraag 3**

**Lees weer die gedig en beantwoord die vrae oor deelwoorde en klinkerwisseling:**

3.1 "**Speel** sy die mooiste melodieë". Gee nou die **teenwoordige deelwoord** vir: Die **(speel)** kind is baie gelukkig. (1)

3.2 "Die mense **staan stil** en luister". Gee nou die **teenwoordige deelwoord** vir: Die (**staan stil)** mense luister na die naggeluide van Lisa se klavier. (1)

3.3 Gebruik klinkerwisseling om die korrekte vorm van die woord **knyp** neer te skryf. Byvoorbeeld: Ek **knyp** my oë toe van verbasing. (1)

3.4 Gebruik klinkerwisseling om die korrekte vorm van die woord **kies** neer te skryf. Byvoorbeeld: Dit is jou **"kies"** of jy na Lisa se kalvier wil luister. (1)

**<u>Vraag 4</u>**

**Antonieme en Sinonieme**

4.1 Gee ‘n **sinoniem** vir : Lisa speel die klavier **volmaak**. (1)

4.2 Gee ‘n **sinoniem** vir : Lisa maak ‘n **<u>geraas.</u>** (1)

4.3 Gee ‘n **antoniem** vir: Dan word Lisa elke boemelaar se **<u>droom</u>**. (1)

4.4 Gee ‘n **antoniem** vir: Lisa is ‘n **berugte** pianis. (1)

**<u>Vraag 5</u>**

**Lees weer die gedig en beantwoord die vrae oor meervoude en verkleinwoorde:**

5.1 Skryf die meervoud van **pad** neer. (1)

5.2 Skryf die meervoud van **balkon** neer. (1)

5.3 Skryf die verkleinwoord van **vingers** neer. (1)

5.4 Skryf die verkleinwoord van **vriendin** neer. (1)

5.5 Skryf die **afkorting** van **met ander woorde** neer. (1)

5.6 Skryf die **afkorting** van **Sondag** neer. (1)

5.7 Skryf die **afkorting asb.** volledig uit. (1)

**<u>Vraag 6</u>**

**Herskryf die sin sodat die woordorde reg is:**

6.1 Verlede week het Lisa mooi gespeel teen die hang van Tafelberg. (1)

**Vraag 7**

**Is die volgende sinne enkelvoudig, saamgesteld of veelvoudig?**

7.1 Lisa se vingers ken die pad. (1)

7.2 Lisa kan nie ophou as sy eers begin het nie. (1)

7.3 Ja, die hele wêreld word stil en luister in die donker uur. (1)

**Vraag 8**

**Lees die volgende sin en beantwoord die vrae:**

| |
|---|
| **Hulle ken die 8.3(pragtige, mooi) klanke.** |

**Skryf die volgende uit die sin neer:**

8.1 Die gesegde (1)

8.2 Die onderwerp (1)

8.3 Die voorwerp (1)

8.4 Die soort bepaling by 8.3 (1)

**Vraag 9**

**Verduidelik die dubbelsinnigheid in die volgende sin:**

9.1 Ek is wakker gemaak deur Lisa se klavier wat deur die venster gekom het.




(1)

**[30]**